SONDAG, 14 OKTOBER 2001, PIERRE VAN RYNEVELD

SONDAG, 21 OKTOBER, WINDHOEK-WES

JULIAN MULLER

PREEKTEKS: GENESIS 1

PREEKTEMA: SKEPPINGSGELOOF IN ONSEKERE TYE

Gen 1 moet verstaan word as ‘n preek. Dit is nie ‘n verslag oor hoe die hemel en die aarde geskep is nie (as mens dit so sou verstaan staan dit in elk geval in botsing met Gen 2). Dit bevat ‘n boodskap wat alleen verstaan kan word teen die agtergrond van twee dinge:

1. Die Ballingskap
2. Die gevulde wêreldbeeld

Die Babiloniese ballingskap het die volk Israel se geloof in baie opsigte beproef. Hulle het hulle in ‘n situasie bevind waar daar jaarliks twee weke lank feesgevier is deur die Babiloniërs om hulle skeppergod, Marduk te vereer. Volgens hulle het geloof, het Marduk, nadat hy die hemel en die aarde gemaak het, Babel as woonplek verkies en die koning as sy verteenwoordiger aangestel. Hierdie geloof het die Babiloniërs natuurlik die “reg” gegee om imperialistiese oorloë te voer en almal rondom hulle te onderwerp.

Teenoor hierdie geloof en feeste ontstaan die geskrif wat Gen 1 insluit. ‘n Troosboodskap om hulle te herinner daaraan dat God die skepper is en dat nie die koning van Babel nie, maar hulle almal God se verteenwoordigers is.

Verder moet die teks gelees en verstaan word teenoor die “gevulde” wëreldbeeld van daardie tyd. Die wêreld was vol vyandige magte wat veral in die duisternis en die watermassas geskuil het.

Die gevolg van die ''gevulde'' wêreldbeeld is dat die mens van destyds bedreig en beangs was deur die natuur. Hierteenoor kom die boodskap van Gen. 1 as 'n geweldige troos:

- Die duisternis word oorwin. Deurdat God dit 'n naam (nag) en 'n bepaalde ordelike plek gee, dui daarop dat dit geen afsonderlike mag is nie.
- Die water word ook teruggedwing. Die koepel word ''uitgehamer'' en so kry die watermassa 'n ordelike plek. Die water op aarde kry ook 'n ordelike plek deur die skeiding fussen die droë land en die see. Net soos die begrip ''lig'' vyf keer in vers 3 tot 5 genoem word, word die begrip ''gewelf'' vyf keer in vers 6 tot 8 genoem.
- Die ordening van die skeppingsverhaal in die drie plus drie dae wat uitloop op die sewende dag waarop God rus, skep sekuriteit en bring dus troos vir die mens.

Selfs die verhaalstruktuur verkondig dieselfde boodskap van troos en versekering. Dit is 'n verhaal van absolute ordelikheid. Die sewe skeppingsdae is saamgestel uit drie dae waarin God die aarde maak en alles voorberei vir lewe. In die volgende drie dae word sake georden (ligdraers en merkers van aardse tye word op die vierde dag geskep sodat)ewende wesens op die aarde geplaas kan word op dag vyf en ses. Na die ordening volg die sewende dag waarop gerus word, Die Sabbat is die simbool van God se sorg en dif is die hoogtepunt waarop die verhaal eindig

Waarom maak dit sin om dit vanoggend te lees?

Ons eie ervaring van ballingskap en van die oorname van chaosmagte. Na 11 September 2001.

Chaos. Het jy al ooit ‘n ervaring van groter chaos gehad as New York op 11 Sept en daarna?

Tye van onsekerheid.

- Don Browing, navorser oor gesinsake in Amerika berig dat daar bereken word dat 15000 kinders deur die Twin Tower-ramp geraak word. Meeste van hulle is enkelouer kinders en daarom word

hulle soveel te meer ontwrig. Hy sê dat daar ‘n groot alleenheid oor NY toegesak het. Mens soek mekaar weer op en besef opnuut die waarde van hegte en nabye gesinsverhoudinge.

- Ekononie. Die rand dollar-verhouding. Dit het alles ‘n rimpeleffek. Iemand met ‘n klein winkeltjie in Menlyn sê dat sedert 11 Sept daar ‘n duidelike afname in sakebedrywighede is.
- Lugdienste is in die moeilikheid
- Amerika se oorlog wat skynbaar nêrens heen lei nie en wat in ‘n land soos Afghanistan met sy uitgestrektheid en gebrek aan infrastruktuur, nie kans het om gou te eindig nie. Daar word in ieder geval bereken dat daar in daardie land ook ‘n miljoen wesies is as gevolg van die Russiese oorlog hulle.

Dit is asof ons wêreld, net soos dié van Israel destyds, bedreig word deur magte wat onsigbaar is en waaroor ons geen beheer het nie. Ons ervaar nie net onsekerheid nie, maar chaos en daarom vrees.

Wat ons nodig het is hierdie boodskap van Sondagmiddagrustigheid wat ons in Gen 1 aantref.

Guiliani het na die aanvalle, nogal die rol van ‘n troostende vader vir New Yorkers gespeel. Sê nou hy kon Gen 1 daar voorgelees het… Dit is hoe ons Gen 1 moet verstaan. Dit staan in skrille kontras met die omringende chaos en onsekerheid.

Nie net ‘n boodskap van troos nie. Ook van roeping.

De mens is en bly 'n skepsel, maar anders as die ander kreature, word hy na God se beeld geskape. Hy staan in 'n unieke verhouding tot God. By word God se gespreksgenoot wat met Hom in 'n verhouding kan staan, meer nog, hy word as God se verteenwoordiger aangestel wat 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die res van die skepping het.

Verder is die meervoudigheid nogal opvallend. God praat oor homself in die meervoud (Gen 1:26) en Hy maak die mens na sy beeld en dan word dit onmiddellik verduidelik as iets meervoudigs: Man en vrou het Hy hulle geskape. Die beeld van God kom juis in ons medemenslikheid na vore. Hy verdryf nie net die chaos uit ons wêreld nie, maar die eensaamheid uit ons ervaring deur ons na sy meervoudige beeld te skep.

Te midde van chaos en ‘n bedreigende wêreld word ons geroep as God se verteenwoordigers.

- Orde te skep
- Medemenslikheid te skep.